AANSOEKPROSES GR. 1-2020

AANSOEKPROSES OPEN: **Maandag 13 Mei 2019 om 08:00**
Die webadres sal nie voor 13 Mei beskikbaar wees nie.

AANSOEKPROSES SLUIT: **Maandag 15 Julie 2019 om 23:59**

WEBADRES: **www.gdeadmissions.gov.za**

ALGEMENE INLIGTING:

- **Lees asb. vrae noukeurig deur en gee korrekte inligting.**
- Wanneer u op die webwerf van die GDO aanteken, onthou asb. u aantekenbesonderhede (Username / Password) vir toekomstige gebruik.
- Ons weet nie watter formaat die aanlyn aansoekvorms het nie, maar kyk asb. uit vir die volgende punte (soos dit was vir 2019 se aanlynaansoeke - 2020 mag anders wees, dus is dit NB dat u alles mooi moet lees en volledig voltooi):
- "Siblings" (Boeties / sussies reeds in die skool)
- "School of choice" – Indien jul Laerskool Fairland kies, is daar nie verdere 'n opsie om 'n ander skool te kies nie.
- Jou adres (woon- of werkadres) sal Laerskool Fairland outomaties as een van jou keuses uitlig. Ouers kan by 5 verskillende skole aansoek doen.
- Nadat die aansoeke gesluit het, sal die skool/e waarby julle aansoek gedoen en dokumentasie ingehandig het, aan julle 'n opsie gee om 'n plek te aanvaar of nie. Dit sal eers gedurende die 3de kwartaal gebeur.

ONDERSTEUNENDE DOKUMENTASIE: **(Moet binne 7 dae** nadat aansoek aanlyn voltooi is, by die betrokke skool ingehandig word. (Indien dokumentasie nie ingehandig word nie, sal u aansoek verval.)

- Afskrif van geboortesertifikaat – moet gewaarmerk wees
- Afskrif van **BEIDE** ouers se ID.-dokumente
- Bewys van woon- en/of werksadres – huurkontrakte moet gewaarmerk wees
- Kliniekkaart

Wanneer u bg. dokumentasie by die skool inhandig, moet u 'n vorm voltooi ter bevestiging van die dokumentasie wat u ingehandig het.

LET WEL:

- **SLEGS Gr. 1-2020** aansoeke word aanlyn gedoen.
- **Ouers met leerders reeds in Laerskool Fairland MOET hierdie proses volg en nie dit as vanselfsprekend aanvaar dat u kind plek gaan hê in Laerskool Fairland nie!**
- **Ons sal 'n rekenaar by die skool opstel indien u nie toegang tot die internet het nie.**